## 19.3 RAPPORT 2: DEPUTATE JEUGSORG – FINANSIËLE BESTUUR (Artt 95, 178)

## 19.3 REPORT 2: DEPUTIES YOUTH – FINANCIAL MANAGEMENT (Arts 95, 178)

A. Ds CB Robinson stel die Rapport.
Rev. CB Robinson tables the Report.
B. **Besluit:** Punte 3.2 en 3.3 word verwys na die Finansiële Kommissie.
C. **Decision:** Points 3.2 and 3.3 are referred to the Financial Commission.
D. Ds DG Zwemstra rapporteer namens die Finansiële Kommissie.
Rev. DG Zwemstra reports on behalf of the Financial Commission.

E. **RAPPORT / REPORT**

| | |
|---|---|
| **1. Opdrag** | **1. Mandate** |
| 1.1 Acta 2018:149, 3.1-3.3 | 1.1 Acta 2018:149, 3.1-3.3 |
| 1.1.1 Daar voortgegaan word met die finansiële bestuur soos gerapporteer. | 1.1.1 Financial management is to continue as reported. |
| 1.1.2 Die Deputate gaan voort om die skuld van die Kruispadrekening te delg deur jaarliks 'n derde van hul netto inkomste na die oortrokke Kruispadrekening te kanaliseer. Die Gee-jaar word afgeskryf teen die Administratiewe Buro se algemene fonds. | 1.1.2 The Deputies are to continue to pay off the debt of the Kruispad account by allocating a third of their net annual income to the overdrawn Kruispad account. The Give Year is written off against the Administrative Bureau's general fund. |
| 1.1.3 Dat een verpligte kollekte per jaar word afgestaan aan die Deputate Jeugsorg. | 1.1.3 One compulsory collection per year is to go to the Deputies Youth Ministry. |
| **Besluit: Punte 1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.** | **Decision: Points 1.1 to 1.1.3 noted.** |
| **2. Sake waarvan die Sinode kennis neem** | **2. Matters that the Synod takes note of** |
| 2.1 Finansiële bestuur word gedoen volgens 'n goedgekeurde begroting in samewerking met Johan Coetzee van die Admin Buro. | 2.1 Financial management occurs according to an approved budget in collaboration with Johan Coetzee of the Admin Bureau. |
| 2.2 In die lig daarvan dat die Deputate steeds skuld het, is verdere stappe geneem om grootskaalse finansiële besparings te maak: | 2.2 In light of the Deputies' remaining debt, further steps were taken to bring about large-scale financial savings: |
| 2.2.1 Die Deputate het besluit om nie in persoon te vergader nie en het sodoende soveel as moontlik op verblyf- en reiskoste te spaar. | 2.2.1 The Deputies decided against meeting in person and thereby save as much as possible on accommodation and travel expenses. |
| 2.2.2 Die formaat van die Kruispad-tydskrif is gewysig. Die gedrukte formaat was nie volhoubaar nie en is vervang met 'n meer lewensvatbare, elektroniese formaat. Kyk Rapport 7 oor Kruispad vir meer inligting. | 2.2.2 The Kruispad format was revised. The hardcopy format was not sustainable and has been replaced with a more feasible, electronic format. See Report 7 about Kruispad for more information. |
| 2.2.3 Die Redakteur van die tydskrif het in Oktober 2018 in amptelike hoedanigheid bedank. Daar is nie | 2.2.3 The Editor of the magazine formally resigned in October 2018 and was not replaced with a new editor, leading to a |

| | |
|---|---|
| weer ‘n redakteur aangestel nie wat tot ‘n verdere besparing gelei het. | further saving. |
| 2.3 Die kombi sowel as die sleepwa wat aan die Jeugdeputate behoort het, is verkoop vir R50,000 en R5,500 onderskeidelik. Dit was in 2018 in Jeugfonds te boek gestel. | 2.3 The kombi and trailer belonging to the Deputies Youth Ministry were sold for R50,000 and R5,500 respectively, recorded in 2018 statements of the Youth Funds. |
| 2.4 Die Deputate is trots om te rapporteer hoe die skuld van Kruispad die afgelope jare verminder is: | 2.4 The Deputies are proud to report on the decrease of Kruispad’s debt over the past few years: |
| 2.4.1 Deur middel van die nuwe formaat van Kruispad is die Kruispad-rekening in sy totaliteit gedelg. | 2.4.1 Due to the new format of Kruispad, its account has been paid off in full. |
| 2.4.2 Die saldo van die Kruispad-rekening op 30 Junie 2018 was ’n opgehoopte verlies van R71,051. Die saldo op 28 Februarie 2022 was R28 855. | 2.4.2 The balance of the Kruispad account stood at an accumulated loss of R71 051 on 30 June 2018. The balance came to R28 855 on 28 February 2022. |
| 2.5 Die skuld van Gee-jaar is volgens Acta 2018:149, 3.2 gedelg. Volgens Acta 2018:157, 305, 319, 333; 2.7 word van die beskikbare fondse nou na die Engelse tydskrif, Cross Courier, gekanaliseer. | 2.5 The debt of the Give Year was paid off according to Acta 2018:149, 3.2. As per Acta 2018:157, 305, 319, 333; 2.7, available funds now go towards the English magazine, Cross Courier. |
| 2.6 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die kerke vir die kollekte wat vir Jeugsorg ingesamel word. | 2.6 The Deputies would like to express their thanks to the churches for the collection set aside for youth ministry. |
| **Punte 2.1 tot 2.6 kennis geneem.** | **Decision: Points 2.1 to 2.6 noted.** |
| **3. Sake waaroor die Sinode besluit** | **3. Matters that the Synod decides on** |
| 3.1 Dat daar voortgegaan word met die finansiële bestuur soos gerapporteer. | 3.1 Financial management should continue as reported. |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.2 Die Deputate Jeugsorg gaan voort om ‘n derde van hul netto inkomste na die Kruispad-rekening te kanaliseer. | 3.2 The Deputies Youth Ministry should continue allocating a third of their net income to the Kruispad account. |
| **Besluit: Punt 3.2 word verwys na die Finansiële Kommissie.** | **Decision: Point 3.2 is referred to the Financial Commission.** |
| **Besluit: Goedgekeur.** | **Decision: Approved.** |
| 3.3 Daar voortgegaan word met een verpligte kollekte per jaar wat aan die Deputate Jeugsorg afgestaan word. | 3.3 One compulsory collection per year should be made for the Deputies Youth Ministry. |
| **Besluit: Punt 3.3 word verwys na die Finansiële Kommissie.** | **Decision: Point 3.3 is referred to the Financial Commission.** |
| **Besluit: Een verpligte kollekte per jaar word goedgekeur.** | **Decision: One mandatory collection per year is approved.** |